Ontmoeting 1

Elisa

Kinders besef dat niks vir God onmoontlik is nie.

Teks: 2 Konings 6 (en 2–13). Elisa het baie uitsonderlike ervarings gehad. Lees as voorbereiding noukeurig deur die verhale sodat jy as leier vertroud is daarmee.

Hulpmiddels:

- Diep bakke met water
- ŉ Kurkprop, houtlepel, balletjies, klippe, tou of wol
- Nog voorwerpe wat òf maklik sink òf maklik dryf
- Plakkaat: "Wat is 'n profeet?"
- Gleufprent ('n Aktiwiteit waar die byl op en af deur die gleufies beweeg kan word.)
- Prente van verskeie wonderwerke met teksverwysings
- Kopieer die prent van 'n byl vir elke kind
- Skêre, gom, kryte en potlode, foelie, karton

Welkom

Uitdaging 1: Hoe lank kan jy 'n kurkprop met 'n houtlepel onder die water hou? Gebruik verkieslik 'n diep glasbak, sodat die kinders die hele tyd die kurkprop kan sien. Gee kans vir die wat graag wil probeer.

Uitdaging 2: Verdeel die kinders in groepies. Sorg dat daar vir elke groep ŉ bak met water en balletjies of klippe is. Gee aan die een helfte van die kinders die opdrag om 'n plan uit te dink om 'n klein balletjie te laat sink. Laat die ander helfte 'n plan beraam om 'n klip te laat dryf. (Niemand mag aan die eindproduk raak om dit te laat dryf of sink nie.) Voorsien tou/wol, "foamalite"–bordjies of ander materiaal waarmee die kinders kan eksperimenteer.

Wyding

Stilword–ritueel: Laat die kinders die volgende verse agter die leier aan sê: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van Sy Naam." (Ps 23:1–3)

Woord

Hierdie kwartaal is ons tema: "Prettige Profete". Ons moet heel eerste uitvind wat ŉ profeet is. *(Wys die plakkaat met die prent en beskrywing van ŉ profeet.)* ŉ Profeet is ŉ persoon wat naby aan God geleef het en God gehoorsaam het. God het vir die profete spesiale boodskappe gegee wat hulle weer vir die volk, God se kinders, moes gaan oorvertel. Soms was die boodskap kwaai en was die doel om God se kinders te laat ophou verkeerde dinge doen. Ander kere was dit om hulle te troos en om hulle te vertel wat in die toekoms gaan gebeur. Dit het hulle hoop gegee. God het op verskillende maniere met die profete gepraat. Sommige van hulle het ŉ stem gehoor wat met hulle gepraat het; ander het gedroom en ander het visioene gekry. ŉ Visioen was soos om te droom terwyl jy wakker is. Ander mense sou dit nie kon sien nie; net die profeet. Elisa was 'n

profeet. Sy lewe was baie interessant. As hy vandag moes leef, sou daar gereeld berigte oor hom in die nuus wees.
"Het julle gehoor wat het Elisa nou al weer gedoen?" sou mens gereeld op Twitter lees.
Sy naam beteken: "God is my Redder". Verbeel jou jy moet iemand roep: "God-is-my-Redder, waar is jy?"
Elisa het baie leerlinge gehad. Hulle is ook profete genoem. Eendag het hulle by Elisa kom kla, omdat hulle saaltjie te klein geword het. Saam besluit hulle toe om 'n nuwe bymekaarkomplek te bou. Daarvoor het hulle hout nodig gehad. "Wil u nie saam met ons gaan nie?", het hulle gevra. Elisa het geantwoord: "Ek sal gaan."
Hulle het langs die Jordaanrivier gaan bome kap. *(Laat die kinders sing, bv. "Dit is die dag" terwyl hulle beweeg asof hulle bome afkap. Daarna sit hulle weer en luister verder.)*
(Gebruik nou die gleufprent.) Skielik, terwyl een besig was om te kap, het sy byl in die water geval. *(Trek die byl af.)* "Ag tog, nee!! Daar gaan my byl... dit was 'n geleende byl!! Meneer Elisa, help asseblief!"
Elisa het gekom. "Waar het die byl geval?" vra hy. Hulle wys hom. "Neem nou 'n stukkie hout en gooi dit daar in die water." *(Plak die houtjie op die water en trek die byl weer op.)* Skielik het die byl boontoe gekom en gedryf. "Haal dit uit!" het Elisa gesê. Hoe "crazy" was dit? Dit het nie sin gemaak nie. 'n Byl wat dryf! Ek wonder wat jy sou doen as jy 'n byl sien dryf. Net God kon dit doen. Vir God is niks onmoontlik nie. Elisa moes baie pret in sy lewe gehad het, want hierdie was nie die eerste en enigste "crazy" ding wat met hom gebeur het nie. Daar is 'n klomp prettige verhale van Elisa. Verdeel groter kinders in groepe en gee aan elke groep 'n verhaal om in die Bybel op te soek. Gee vir hulle die prente van die verhale met teksverwysings.
Elke groep kan dan kom vertel wat daar gebeur het.

OF

Indien die kinders nog nie goed kan lees nie, kan die leiers die prente wys en die kinders laat raai wat daar gebeur het. Gee dan kortliks 'n verduideliking.

1. Hy het 'n vuurwa gesien wat vir Elia kom haal en hemel toe geneem het. 2 Konings 2:11
2. 'n Weduwee wat tydens 'n hongersnood net 'n bietjie olie gehad het, kon al die houers wat sy in die hande kon kry, daarmee volmaak en dit verkoop. Die olie het nie opgeraak voordat die hongersnood verby was nie. 2 Konings 4:1-7
3. Eendag was 'n pot kos wat die profete gemaak het, giftig. Elisa het gesê hulle moet bietjie meel bygooi en siedaar – die kos was nie meer giftig nie. 2 Konings 4:38
4. Eendag was daar 100 mense wat nie genoeg kos gehad het nie. Elisa het gesê hulle moet die bietjie wat daar is, uitdeel en toe word dit so baie dat almal genoeg kon eet en nog oorhou. 2 Konings 4:42
5. Die koning van Aram se bevelvoerder (Naäman) moet homself gaan was in die Jordaan om gesond te raak van sy melaatsheid. 2 Konings 5:14
6. Engele om ons. 2 Konings 6:15-17

Elisa wou met sy hele hart en al sy krag elke dag vir die Here werk. Die Here het groot dinge deur hom gedoen. Ek en jy doen nie sulke wonderwerke nie, maar die Here gebruik ons elke dag om 'n bietjie liefde in 'n liefdelose wêreld te bring. Dalk is dit net omdat jy geloof en hoop het as die mense om jou moedeloos is. Dalk is dit net omdat jy aan 'n plan kan dink om 'n probleem op te los. Dalk is dit net jou glimlag wat vandag 'n verskil maak... God wil hê ons moet lag en gelukkig wees.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:
1. Ek wonder by watter een van Elisa se verhale sou jy graag wou wees.
2. Ek wonder wat het jy al gesien wat jou laat besef het hoe groot God is.
3. Ek wonder wat gaan jy die res van die dag doen om God se liefde vir mense te wys.

Werskaf

- Kleur die prent van die byl in (of plak die lem met foelie) en knip dit uit. Skryf Matteus 19:26 daarop. (Plak dit gerus op karton om dit stewiger te maak.) Elke kind maak 2 byle, een vir homself en een vir iemand wat bemoediging nodig het.
- Gee vir die kinders kans om met die gleufprent die byl te laat sink en dryf.
- Inkleurprente

Sluit af met die seënbede:

Die kinders sit of staan in ŉ sirkel. Hulle hou hul hande uitgestrek na die kante toe met albei palms na bo. Elkeen se regterhand palm is bo die ander kind se linkerhand palm. Laat hulle oefen om ŉ "blessing" aan te gee: Iemand begin om sy regterhand oor te beweeg na links en dan liggies in sy maat aan die linkerkant se hand te tik. Daardie maat doen dan dieselfde met sy regterhand na die maat aan sy linkerkant se hand toe. Stuur so die bede aan in die rondte. Sodra die kinders dit regkry, sê almal die seënbede saam terwyl hulle dit in die rondte "stuur":

Die Here is VOOR jou om jou pad gelyk te maak;
Die Here is AGTER jou om jou teen slegte dinge te beskerm;
Die Here is LANGS jou om jou in sy arms toe te vou;
Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy mag val;
Die Here is BOKANT jou om jou te seën;
En die Here is BINNE jou om jou te lei met sy Heilige Gees.



Wat is 'n Profeet?

'n Profeet...

... het naby aan God geleef

... het God gehoorsaam

... was 'n boodskapper van God

... het die mense geleer

... het gepreek

... het vir ons profesieë neergeskryf

... het God op verskillende maniere gehoor:

⇒ soms net 'n stem;

⇒ soms in 'n droom;

⇒ soms in 'n visioen

... het soms die toekoms voorspel

God het met die profete gepraat.

Die profete het dit vir die mense vertel.

En dan het dit gebeur!







GLEUFPRENT

Kopieer die prent van die water, die bylkop en die stok. Kleur alles in en sny die stok en bylkop uit. Sny die middelste gedeeltes van elke golf met 'n "craft"-messie op die lyne uit. Plak vislyn aan die agterkant van die bylkop vas en ryg dit deur die golwe. Volg verder die instruksies in die storie.

Die byl wat gedryf het

2 Konings 6



2 Konings 2:11





2 Konings 4:1-7



2 Konings 4:38



2 Konings 4:42



2 Konings 5:14

2 Konings 6:15-17